

Skriflesing: Johannes 6:22-59

Kategismus – **Sondag 29**

Teks: Johannes 6: 53-54

Sing: Psalm 84:1; Ps. 84: 2,3; Ps. 84:6

Johannes 6:22-59

Joh 6:22 Die volgende dag sien die skare wat oorkant die see gestaan het, dat daar geen ander skuut was nie, behalwe daardie een waarin sy dissipels gegaan het; en dat Jesus nie saam met sy dissipels in die skuut gegaan het nie, maar dat sy dissipels alleen weggevaar het.

Joh 6:23 Maar ander skuite het van Tibérias aangekom naby die plek waar hulle die brood geëet het, nadat die Here gedank het.

Joh 6:24 Toe die skare dan sien dat Jesus nie daar was nie en sy dissipels ook nie, het hulle self ook in die skuite geklim en na Kapérnaüm gegaan om Jesus te soek.

Joh 6:25 En toe hulle Hom oorkant die see gevind het, sê hulle vir Hom: Rabbi, wanneer het U hier gekom?

Joh 6:26 Jesus antwoord hulle en sê: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, julle soek My nie omdat julle tekens gesien het nie, maar omdat julle van die brode geëet en versadig geword het.

Joh 6:27 Moenie werk om die spys wat vergaan nie, maar om die spys wat bly tot in die ewige lewe, wat die Seun van die mens julle sal gee; want Hom het God, die Vader, verseël.

Joh 6:28 Toe vra hulle Hom: Wat moet ons doen om die werke van God te volbring?

Joh 6:29 Jesus antwoord en sê vir hulle: Dít is die werk van God, dat julle in Hom glo wat Hy gestuur het.

Joh 6:30 En hulle sê vir Hom: Watter teken doen U dan, sodat ons kan sien en U glo? Wat werk U?

Joh 6:31 Ons vaders het die manna in die woestyn geëet, soos geskrywe is: Hy het brood uit die hemel aan hulle gegee om te eet.

Joh 6:32 En Jesus sê vir hulle: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, dit is nie Moses wat die brood uit die hemel aan julle gegee het nie, maar my Vader gee julle die ware brood uit die hemel.

Joh 6:33 Want die brood van God is Hy wat uit die hemel neerdaal en aan die wêreld die lewe gee.

Joh 6:34 Toe sê hulle vir Hom: Here, gee ons altyd hierdie brood.

Joh 6:35 En Jesus sê vir hulle: Ek is die brood van die lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger kry nie; en wie in My glo, sal nooit dors kry nie.

Joh 6:36 Maar Ek het vir julle gesê dat julle My gesien het, en tog glo julle nie.

Joh 6:37 Al wat die Vader My gee, sal na My toe kom; en Ek sal hom wat na My toe kom, nooit uitwerp nie.

Joh 6:38 Want Ek het uit die hemel neergedaal, nie om my wil te doen nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het.

Joh 6:39 En dit is die wil van die Vader wat My gestuur het, dat al wat Hy My gegee het, Ek daarvan nie sal verloor nie, maar dit opwek in die laaste dag.

Joh 6:40 En dit is die wil van Hom wat My gestuur het, dat elkeen wat die Seun aanskou en in Hom glo, die ewige lewe mag hê; en Ek sal hom opwek in die laaste dag.

Joh 6:41 Toe murmureer die Jode oor Hom, omdat Hy gesê het: Ek is die brood wat uit die hemel neergedaal het.

Joh 6:42 En hulle sê: Is Hy nie Jesus, die seun van Josef, wie se vader en moeder ons ken nie? Hoe sê Hy dan: Ek het uit die hemel neergedaal?

Joh 6:43 En Jesus antwoord en sê vir hulle: Moenie onder mekaar murmureer nie.

Joh 6:44 Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie; en Ek sal hom opwek in die laaste dag.

Joh 6:45 Dit is geskrywe in die profete: En hulle sal almal deur God geleer wees. Elkeen dan wat dit van die Vader gehoor en geleer het, kom na My toe.

Joh 6:46 Nie dat iemand die Vader gesien het nie, behalwe Hy wat van God kom: Hy het die Vader gesien.

Joh 6:47 Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie in My glo, het die ewige lewe.

Joh 6:48 Ek is die brood van die lewe.

Joh 6:49 Julle vaders het die manna in die woestyn geëet en het gesterwe.

Joh 6:50 Dít is die brood wat uit die hemel neerdaal, sodat iemand daarvan kan eet en nie sterwe nie.

Joh 6:51 Ek is die lewende brood wat uit die hemel neergedaal het. As iemand van hierdie brood eet, sal hy lewe tot in ewigheid. En die brood wat Ek sal gee, is my vlees wat Ek vir die lewe van die wêreld sal gee.

Joh 6:52 Die Jode het toe met mekaar gestry en gesê: Hoe kan Hy ons sy vlees gee om te eet?

Joh 6:53 En Jesus sê vir hulle: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie die vlees van die Seun van die mens eet en sy bloed drink nie, het julle geen lewe in julleself nie.

Joh 6:54 Hy wat my vlees eet en my bloed drink, het die ewige lewe, en Ek sal hom opwek in die laaste dag.

Joh 6:55 Want my vlees is waarlik spys, en my bloed is waarlik drank.

Joh 6:56 Wie my vlees eet en my bloed drink, bly in My en Ek in hom.

Joh 6:57 Soos die lewende Vader My gestuur het, en Ek deur die Vader lewe, so sal hy wat My eet, ook deur My lewe.

Joh 6:58 Dít is die brood wat uit die hemel neergedaal het—nie soos julle vaders die manna geëet en gesterwe het nie; wie hierdie brood eet, sal tot in ewigheid lewe.

Joh 6:59 Hierdie dinge het Hy gesê in die sinagoge toe Hy in Kapernaüm onderrig gegee het.

Sondag 29

78 Vraag: Verander die brood en wyn dan in die werklike liggaam en bloed van Christus?

Antwoord: (a) Nee, maar soos die water by die doop nie in die bloed van Christus verander of die afwassing van sonde self is nie, maar slegs 'n Goddelike teken en versekering daarvan (b), so verander die brood by die nagmaal nie in die liggaam van Christus self nie (c). Ooreenkomstig die aard en gebruik van die sakramente word die brood egter die liggaam van Christus genoem (d).

(a) *Matt 26:29*. (b) *Ef 5:26; Tit 3:5*. (c) *1 Kor 10:16; 11:26*. (d) *Gen 17:10, 11; Eks 12:11, 13; 13:9; 1 Pet 3:21; 1 Kor 10:3, 4*.

79 Vraag: Waarom noem Christus dan die brood *sy liggaam* en die beker *sy bloed* of die *nuwe Testament in sy bloed* en waarom noem Paulus dit die *gemeenskap met die liggaam en bloed van Christus*?

Antwoord: Daar is gewigtige redes waarom Christus so sê: Hy wil ons daarmee leer dat, soos brood en wyn die tydelike lewe onderhou, so voed sy gekruisigde liggaam en gestorte bloed, as die egte voedsel en drank, ons siele vir die ewige lewe (a). Verder wil Hy ons deur hierdie sigbare tekens en waarborge veral verseker dat ons net so seker deur die werking van die Heilige Gees aan sy ware liggaam en bloed deel kry as wat ons hierdie heilige tekens met die liggaamlike mond tot sy gedagtenis ontvang (b). Hy verseker ons ook dat al sy lyding en gehoorsaamheid so seker ons eie is asof ons self in eie persoon alles gely en die skuld vir ons sondes aan God ten volle betaal het.

(a) *Joh 6:55*. (b) *1 Kor 10:16*.

Skriflesing: Johannes 6:22-59

Kategismus – Sondag 29

Teks: Johannes 6: 53-54

Sing: Psalm 84:1; Ps. 84: 2,3; Ps. 84:5,6

Geliefde broeder en susters,

Verlede keer het die Nagmaal vir ons uitgestaan as 'n verbondsmaal, 'n gemeenskapsmaal en 'n toekomsmaal. Die Nagmaal is teken en seël van God se verbond – *Die beker het te doen met die bloed van die Nuwe Testament wat vir baie uitgestort word tot vergifnis van sondes*.

Die testament is maar eintlik 'n ander naam vir God se verbond. Deur die Nagmaal het ons

gemeenskap aan Christus, ons word by Hom ingelyf, **ons word vlees van sy vlees, been van sy gebeente**, so het ons dit ook verlede keer bely. Hier kom selfs ook God se huwelik met sy kerk ter sprake. 'n Huwelik waarin die belydenis wat ons so pas voor die Here gesê het, die kerk, God se vrou se woorde is, wat sy graag voor die Here, haar Man wil bely wat die huwelik met God op hierdie Sondag nog vir ons beteken. Die Nagmaal is ook vir ons 'n toekoms ete, want elke keer wanneer ons Nagmaal vier *dan verkondig ons die dood van die Here totdat Hy kom....*

Ons belydenis bly die woorde van die Here se vrou, sy kerk, daarom moet die vrou dan ook voortdurend haar woorde weer in die lig van God se Woord ondersoek. Ons belydenis is hoe die kerk haar huwelik met God beskryf. Wanneer ons aan hierdie huwelik tussen God en sy kerk vashou dan het die Nagmaal ook 'n besondere betekenis, soos 'n trouing aan 'n vrou se vinger ook vir haar besondere betekenis het. Die ring sê aan die vrou dat sy been van haar man se been en vlees van sy vlees is deur die heilige band van die huwelik. Al is sy dan ook duisende myle van haar man verwyder, die ring sê sy is sy vlees, sy is sy gebeente. Die Nagmaal sê al is Christus dan nou vêr van ons, Hy in die hemel en ons op die aarde, het ons nog steeds deel aan Hom. Hy het ons nie alleen agtergelaat nie, Hy het ons met sy Heilige Gees agtergelaat. Hy het ons met sy liggaam en bloed aan die kruis tot sy eiendom gekoop. Deur die Heilige Gees kry ons deel aan die ware liggaam en bloed van Christus. Ons in Christus, Christus in ons. Met die Nagmaal het Christus dan as't ware sy troupanneel aan ons gegee dat Hy deur sy Gees in ons sal bly.

Dan werk die huwelik van God nie met huweliksvoorwaardes nie. Wat ons s'n is, is Christus s'n. Deur die werking van die Heilige Gees word ons Christus se ware liggaam en bloed deelagtig. Die Nagmaal is die verbondseël en verbondteken van Christus met ons en ons met Christus. In 1 Korinthiërs 10 praat die Here dan ook van die gemeenskap wat ons deur die Nagmaal met Christus het. Gemeenskap, dit het tog óók seker op die huwelik betrekking. Gemeenskap beteken om onlosmaaklik aan mekaar verbonde te wees. Dan staan daar in vers 16 – *die beker van danksegging wat ons met danksegging seën is dit nie die gemeenskap met die bloed van Christus nie? Die brood wat ons breek is dit nie die gemeenskap met die liggaam van Christus nie?* Ons is onlosmaaklik verbind aan Christus se liggaam en bloed, vlees van sy vlees, been van sy been, daar is 'n verbondshuwelik tussen Christus en ons.

Ongelukkig het die Roomse kerk hierdie huwelik heeltemal uit verband gaan staan en ruk. Hulle maak die beker en die brood aan Christus vas en vergeet die mens daaragter. Die ring word as't ware die man, dit is waarom ons belydenis so daarop moes uitbrei. So maklik word die Here se Woord in sy hantering uit verband geruk, want meen Rome as Jesus *sê die brood is sy liggaam*, dan moet ons dit letterlik liggaamlik opneem. Wanneer ons volgens hulle Nagmaal vier dan eet ons elke keer letterlik die liggaam van Christus en ons drink letterlik sy bloed. Christus moet nog elke keer sy liggaam en bloed vir ons offer, anders kan ons nie deel hê aan Christus nie. Elke dag is die priester volgens hulle opnuut besig om die liggaam en bloed van Christus aan God te offer. Om nou Nagmaal te vier, of soos wat hulle dit dan nou die Mis noem, dan gebeur daar elke keer op die altaar die wonder dat wanneer die priester die woorde "dit is my liggaam", uitspreek, dan is Christus wesentlik liggaamlik op die altaar teenwoordig. Daar lui dan ook 'n klokkie om die mense te waarsku Christus is nou hier.

Al lyk die uiterlike van die brood dan nog soos brood, is hulle van mening die wese van die brood het tot Jesus oorgegaan. Die feit dat die kleur en die geur en die smaak van die brood dieselfde bly, noem hulle toevallige eienskappe, of soos hulle dan ook onderskei tussen die essensie en die aksidensie van die brood. Die aksidensie het dieselfde gebly, maar die essensie het verander. Op grond van die essensie is die brood dan ook vroeër knielend ontvang, want as Christus so teenwoordig is dan moet die brood aanbid word. Iemand mag ook nie die brood met sy eie hand vat nie, die priester moet dit in sy mond insit en terwyl hy dit doen, word daar 'n bakkie onder die persoon se mond gehou, want daar mag tog nie 'n stukkie van Christus se liggaam op die grond beland nie. Daar is dan ook die gebruik om 'n paar ure voor die Nagmaalviering niks te eet nie, sodat die liggaam en bloed van Christus nie met die half verteerde voedsel in die maag in aanraking moet kom nie.

By die mis word dan ook gewoonlik nie wyn gedrink nie, want sê hulle as 'n mens 'n stukkie van Christus se liggaam geëet het, dan het die mens klaar 'n bietjie van Christus se bloed ingekry. Die brood wat oorbly, word binne die altaar gebêre en daar word 'n rooi lampie by die altaar aangeskakel, die sg. Godslampie wat die mense moet waarsku Christus is nog hier. Sou die brood later muf en sleg word dan word dit in 'n heilige putjie gegooi.

Ek hoop dit is vir u duidelik waarom daar dan ook later in ons belydenis na die wyse van Nagmaalvieringe as 'n **vervloekte afgodery** verwys word. Hierdie is mense wat met dieselfde Woord as ons Nagmaal vier, maar kyk wat maak hulle daarvan! Hulle het nie 'n

belydenis nie, hulle het bygeloof en dit is afgodery. Sonder 'n belydenis het ons bygelowige mense, wat alles uit hulleself verklaar. Die mens raak sy eie god en dan begin bygeloof en ervaring 'n baie belangrike rol te speel.

Die skare mense rondom Jesus in Johannes 6 wou ook alles uit hulleself ervaar. Dit is asof die emosie hier in 'n massa-aksie ontaard. Christus het daardie paar broodjies vir hulle meer gemaak en nou wil hulle Hom vanuit die massas Koning maak. Iemand wat sommer brood maak moet koning wees, want dan kan ons eet sonder om te werk. Die mense stel net in die versadiging van hulle eie buik belang en so is daar vandag nog mense wat net vir Christus in belang en in aansien en tot bevrediging van hulleself wil ken.

Die skare mense het Christus verloor, omdat hulle so vanuit hulleself werk. Hy het vir hulle verduidelik na aanleiding van die brood-wonder dat *Hy is die brood van die lewe; en wie na Hom toe kom, sal nooit honger kry nie en wie in Hom glo sal nooit dors kry nie*. Later kon Jesus dit sekerlik nie eenvoudiger vir die mense verduidelik het nie toe Hy gesê het dat *Ek is die brood wat uit die hemel neergedaal het...* Dan begin die emosies weer van die ander kant losbreek. Hulle wat nog 'n dag tevore vir Jesus wou koning maak, hulle het nou uit hulleself aanstoot geneem, want hoe kan Jesus sê dat *Hy die brood is wat uit die hemel kom*. Hulle ken Hom dan, Hy is Josef en Maria se kind.

Vir ons is dit maar net nog 'n bewys, as 'n mens God vanuit jousef wil ontdek, dan dink 'n mens jy ken Jesus, soos hierdie mense selfs sy ouers geken het, maar eintlik ken hulle Jesus glad nie, want hulle maak hulleself die kenbron. Dan raak Jesus se Woord 'n harde Woord. Die mense het dan ook later gesê Jesus se Woord is 'n harde Woord, wie kan daarna luister. Die skare het nie verstaan nie, Rome verstaan nie, want hulle het nie 'n belydenis in die Woord nie. Sonder 'n belydenis kan 'n mens nie na die Nagmaal kyk nie, soveel te minder kan so 'n mens Nagmaal vier !

Ons wat vanoggend hierdie belydenis het, ons kan onself opnuut in die Here se Woord ondersoek. Ons moet verstaan dat by ons Nagmaalviering is Jesus se teenwoordigheid natuurlik ook 'n werklikheid, maar die vraag is hoe verstaan ons Jesus se teenwoordigheid? Sy teenwoordigheid is vir ons in Gees en in waarheid, nie in liggaam en bloed nie. Deur ons belydenis kan ons maar net weer na die Woord terugryp, om te verstaan wat bedoel Jesus as Hy sê, die brood is sy liggaam. Dit gaan om die woordjie is. So 'n klein woordjie, maar dit

bring 'n geweldige betekenisverskil. Baie keer die klein dingetjies, maar as ons nie reg daarmee begin nie, dan is die betekenisverskille heeltemal uiteenlopend.

Ons belydenis gee vir ons die verband al uit die Ou Testament in Genesis 17. 'n Verband wat God se verbond is! Daar gebruik God ook die woordjie "is". Die besnydenis is sy verbond. Op die Roomse patroon moet die verbondsteken nou op sigself die verbond uitmaak. Tog is dit sekerlik vir elkeen van ons baie duidelik dat die besnydenis nie self die verbond is nie, dit is alleen 'n teken en seël van die Here se verbond.

Daar is nog baie ander verbande wat ons so uit die Here se verbond moet trek voordat 'n mens werklik kan verstaan. U kan self in die Sondag afdeling weer die verwysing na die doop vergelyk. Ons kom agter dat die Roomse argumente is eintlik besig om onderling hulleself te verwoes, sonder dat ander argumente hoef by te kom. As Rome sê die doopwater besit op sigself bonatuurlike krag wat die erfsonde afwas en die water volgens Rome tog nie eers in die bloed van Christus verander nie. Hoe is dit dan nou dat die wyn wel eers in bloed moet verander en dat daar by die wyn nie opsig self van die bonatuurlike krag sprake is nie? Iewers klop hulle eie argumente nie as doop en Nagmaal met mekaar in verband gebring word !

Hulle sal ook vir die Here 'n antwoord op 1 Korinthiërs 10 moet gee. Daar word Christus met die rots in die woestyn wat uit Exodus kom in verband gebring. Uit daardie rots het daar water gevloei, nou staan hier in Korinthiërs *Christus was die Rots*..... As dit dan nou volgens die transsubstansiasie leer verstaan moet word, dan beteken dit dat die rots klip letterlik in die vlees en bloed van Christus moes verander het. Liggaamlik en vleeslik is Jesus nou identies met die rots van klip. Johannes sien die duif by Jesus se doop op Hom neerkom, m.a.w. daar is 'n duif, maar dan sê Johannes dat hy die Heilige Gees op Jesus sien neerkom het. In hierdie sin verwys die duif dan na die Heilige Gees en staan daar niks van dat die duif in die Heilige Gees verander het nie. Ook as Jesus die Nagmaal klaar ingestel het, dan praat Hy nog steeds van die wyn as die vrug van die wynstok. Dit is nog steeds wyn, dit is nie nou skielik bloed nie, anders sou Jesus dit mos dan nou ook bloed genoem het.

In die twee sakramente, doop en nagmaal moet ons die sakramentele taal verstaan. Die teken en die betekenis staan in 'n baie noue verband met mekaar, maar teken en betekenis is nie identies met mekaar nie. Om die rede kon in Titus die doop die bad van die wedergeboorte genoem word en Paulus praat ook dat die doop sondes afwas, maar dan bedoel hy beslis nie

dat die doop op sigself hier werk nie. Die Heilige Gees is die Een wat die hele tyd werk. Die Heilige Gees lê die verbande en daarom kan 'n mens ook net van die werk van die Heilige Gees praat as 'n mens uit die verband van die Woord werk, terwyl die Woord dan eintlik deur die Gees met ons werk en dit nie werklik ons is wat met die Woord werk nie. Die Woord werk met ons.

Mag dit wat die Woord ons dan nou ook uit die Nagmaal leer, mag dit ons weer opnuut verseker van ons geloof. Ons leer die teken en dan kan ons verseker wees, die seël daarop kom van God af. Die teken en die seël leer en verseker ons hoe naby God eintlik aan ons is. Elke Nagmaal wat in Gees en in waarheid gebruik word, is Christus teenwoordig. God is hier teenwoordig, om my geloof ook deur die Nagmaal te voed, dat my siel sterk kan word. Ek kan met God aan tafel sit, want so wil God die gemeenskap maaltyd met my hou. God wil my een-maak met Christus. Ek word ingelyf. Been van sy gebeente, vlees van sy vlees, gemeenskaps-taal, huweliks-taal!

Dan gaan dit om gemeenskap en samebinding, nie soseer om ons saligheid wat afhang van vergewing en vryspraak nie. Wees versigtig om Christus op allerhande growwe platvloerse maniere by jouself teenwoordig te wil maak en Christus op 'n manier wat ons pas uit die hemel neer te haal. Daardie skare het net aan hulleself gedink, toe Jesus hulle gevoed het. Oor onself gaan dit nie in die Nagmaal nie, dit gaan om die belofte van Christus. *Voorwaar, voorwaar, Ek sê vir julle as julle nie die vlees van die Seun van die Mens eet en sy bloed drink nie, het julle geen lewe in julleself nie. Hy wat my vlees eet en my bloed drink, het die ewige lewe en Ek sal Hom opwek in die laaste dag.*

Voordat die laaste dag dan nog nie hier is nie, mag ons deur ons Nagmaalsvieringe ook soos Paulus sê – *Ek leef nie meer nie, maar Christus leef in my.* Ons in Christus, Christus in ons. Dan is hierdie kerkgebou nie net 'n klaskamer waar ons moet leer nie, maar ook 'n bruilofsaal. Is ons bereid om te leer, of dink ons ons weet alles. Dan sal die bruilof ons nie aangaan nie. Kyk maar weer na die meisies met die lampies. Dit help nie 'n mens het 'n lampie, maar jy het nie olie nie. So kan 'n mens sê jy het die Woord, maar jy het nie 'n belydenis nie. 'n Lampie sonder olie.

AMEN